Wes-Kaapse Regering

Weskaap Onderwysdepartement
Kurrikulum (VOO)

# REKENINGKUNDE

## HERSIENING 2025

## Graad 12

## KWARTAAL 3 Oplossings

**Kwartaal 3-onderwerpe:**

- Begrotings
- BTW

# TOETS JOU KENNIS

## BEGROTINGS

| Skryf jou keuse neer, gekies uit die opsies tussen hakies gegee. | | Antwoord |
|---|---|---|
| 1. | Die netto wins-voorspelling vir die volgende drie maande sal in die (kontantbegroting / geprojekteerde staat van omvattende inkomste) verskyn. | **Geprojekteerde staat van omvattende inkomste** |
| 2. | Die rede vir die opstel van 'n kontantbegroting is om (interne beheer te verbeter / korttermyn kontantbehoeftes vooruit te skat) | **korttermyn kontantbehoeftes vooruit te skat** |
| 3. | Huurinkomste vir die volgende 3 maande is begroot vir R8000, waarvan R2000 vooruitbetaal word. Die bedrag vir Huurinkomste in die Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste sal (R6000 / R2000 / R8000) wees. | **R6000** |
| 4. | Kredietverkope sal in die kontantbegroting as (kontant van debiteure / betalings aan krediteure) getoon word. | **kontant van debiteure** |
| 5. | (Oninbare skulde / Kontant van debiteure) sal in die Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste getoon word. | **Oninbare skulde** |

**(5)**

## Berekeninge vir Begrotings

**Voorsien die formules vir die volgende: (bedrae hoef nie getoon te word nie):**

| | Berekening | Formule |
|---|---|---|
| 6. | Netto Kontantsurplus in 'n begroting | **Totale kontantontvangste - Totale kontantbetalings** |
| 7. | % Winsgrens bereik | $\frac{\textbf{Bruto wins}}{\textbf{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| 8. | Gemiddelde Debiteure-invorderingsperionde in dae | $\frac{\textbf{Gemiddelde Debiteure}}{\textbf{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ |
| 9. | Gemiddelde Krediteure-betalingsperiode in dae | $\frac{\textbf{Gemiddelde Krediteure}}{\textbf{Kredietaankope}} \times \frac{365}{1}$ |
| 10. | Vuurproefverhouding | **(Bedrfysbates - Voorraad) : Bedryfslaste**<br>***OF (Debiteure + Kontant) : Bedryfslaste*** |

**(5 x 2) (10)**

## BTW (Belasting op Toegevoegde waarde)

**WAAR / ONWAAR (Herskryf die ONWAAR stellings sodat dit waar sal word)**

| | Stelling | W/O | Korrekte stelling |
|---|---|---|---|
| 1. | Die Standaard BTW-koers in Suid-Afrika in 2024 is 16%. | **O** | Die Standaard BTW-koers in Suid-Afrika in 2020 is **15%.** |
| 2. | Alle goedere en dienste is onderhewig aan die standaard BTW-koers. | **O** | **BTW-vrygestelde en nulkoersitems**/dienste is NIE onderhewig aan die standaard BTW-koers nie. |
| 3. | 'n Besigheid met 'n omset vn meer as R1 miljoen moet vir BTW registreer. | **W** | |

**(3 x 2) 6**

**Voltooi die tabel deur 'n merkie in die korrekte kolom te maak.**

| Transaksie | BTW ingeskryf as | | Invloed op BTW betaalbaar aan SAID | |
|---|---|---|---|---|
| | Uitset -BTW | Inset BTW | Vermeerder | Verminder |
| 4. Verkope van goedere | ✓ | | ✓ | |
| 5. Aankoop van vaste bates | | ✓ | | ✓ |
| 6. Kleinkasbetalings | | ✓ | | ✓ |
| 7. Oninbare skulde ingevorder | ✓ | | ✓ | |

**4**

**[25]**

# BEGROTING

## AKTIWITEIT 1

**1.1.**

**Debiteure-invorderingskedule vir die drie maande geëindig 30 November 2023**

| MAAND | Kredietverkope | September | Oktober | November | |
|---|---|---|---|---|---|
| Julie | **106 000** | **12 720** | | | |
| Augustus | **104 500** | **47 025** | **12 540** | | |
| September | **93 000** | **37 200** | **41 850** | [1] 11 160 ✓✓ | |
| Oktober | **102 000** | | **40 800** | [2] 45 900 ✓✓ | |
| November | **111 600** | | | [3] 44 640 ✓✓ | |
| **Totale invordering van debiteure** | | | **95 190** | **101 700** ☑ | **7** |

Berekeninge:

$^{12\,720}/_{106\,000} \times {}^{100}/_{1}$ = 12% ($3^{de}$ maand)

$^{41\,850}/_{93\,000} \times {}^{100}/_{1}$ = 45% ($2^{de}$ maand)

$^{37\,200}/_{93\,000} \times {}^{100}/_{1}$ = 40% (dies. maand)

1. 12% x 93 000 = R11 160
2. 45% x 102 000 = R45 900
3. 40% x 111 600 = R44 640

### 1.2 Berekeninge

**(a)**

| **Huurinkomste** | | |
|---|---|---|
| **Bewerkings** | **Antwoord** | |
| 17 630✓ x $^{100}/_{107,5}$✓<br>*[LW: R17 630 sluit die 7,5% verhoging in - dus gedeel deur 107,5]* | een deel korrek<br>R16 400 ☑ | 3 |

**(b)**

| **Kontantaankope van voorraad** | | |
|---|---|---|
| **Bewerkings** | **Antwoord** | |
| 116 250 ✓ x 20% ✓ | een deel korrek<br>R23 250 ☑ | 3 |

**(c)**

| **Betaling aan krediteure** | | |
|---|---|---|
| **Bewerkings** | **Antwoord** | |
| 106 250✓ x 80%✓ x 95%✓<br>*[Okt se Koste v Verk is gegee. 80% is op krediet gekoop en dan is 5% korting gegee, dus word net 95% betaal]* | een deel korrek<br>R80 750 ☑ | 4 |

**(d)**

| **Leningbedrag wat op 1 Nov 2023 terugbetaal sal word** | | |
|---|---|---|
| **Bewerkings** | **Antwoord** | |
| 2 000 x $^{12}/_{0,10}$✓ = R240 000 ☑<br>1 750 x $^{12}/_{0,10}$ = R210 000 ☑<br>*[Onthou die rente op lening is vir een maand, dus vermenigvuldig dit met 12. Deel dan deur 10%. Alternatiewe bewerkings kan gebruik word.]* | een deel korrek<br>R30 000 ☑ | 3 |

**(e)**

| **Advertensies** | |
|---|---|
| **Bewerkings** | **Antwoord** |
| $^{7140}/_{68000}$ x 100% = 10,5%✓✓<br>74 400 x 10,5%<br>*[Okt se advertensiebedrag van R7140 is gegee. Gebruik dit om die % van verkope te bereken. Vermenigvuldig dan hierdie % met Nov se verkope.]* | een deel korrek<br>R7 812 ☑ |

3

**(f)**

| **Gewone Aandelekapitaal** | |
|---|---|
| **Bewerkings** | **Antwoord** |
| 513 000 / 5,40 = R95 000<br>(95 000✓✓ 515 000 ✓) x 0,15<br>*[Aantal aandele nie gegee, maar uitreikprys van R5,40 elk (Ontvangste toon R513 000. Dus, 513 000/5,40 = 95 000 aandele verkoop*<br>*Het met 515 000 aandele begin + nuwe 95 000 = 610 000 aandele.*<br>*Tussentydse dividend is 610 000 x 15c per aandeel. NB: 15c is as 0,15 in die berekening gebruik]* | een deel korrek<br>R91 500 ☑ |

4

**1.3.1 Verduidelik waarom Asanda Bpk op personeelopleiding spandeer. Gee EEN rede.**

***EEN geldige rede:*** ✓✓

- Asanda Bpk moet in staat wees om te toon dat hulle toegewyd is aan die ontwikkeling van die gemeenskap wat sy besigheid ondersteun (drievoudige basis-beginsel)
- Gee terug aan die personeel en gemeenskapy
- Toon betrokkenheid by ekonomiese opheffing en groei
- KSV (Korporatiewe Sosiale verantwoordelikheid) en King Kode vereis van maatsakappye om in die gemeenskappe waar hulle sake doen te belê/dien.
- 'n Belegging in personeel kan produktiwiteit en werkstevredenheid op langtermyn verbeter.

2

**1.3.2 Wat kan Asanda Bpk doen om te verseker dat hulle opgeleide personeel in hul diens behou? Gee EEN punt.**

***EEN geldige verduideliking*** ✓✓

- Maak seker dat markverwante salarisse en lone betaal word
- Laat personeel gewaardeerd voel deur erkenning te gee vir goeie werk, bv verkoopsbonusse, selfoon of huistoelaes, ens.
- Werknemerskontrakte kan 'n minimum diensperiode insluit wat 'n werker by die mpy moet bly.
- Oortuig werknemers om te deel in winsdelingsopsies.

2

**1.4 Bestuur is gekritiseer oor hul advertensiebeleid wat nie effektief is nie. Lewer kommentaar deur TWEE aspekte te bespreek.**

***TWEE geldige aspekte:*** ✓✓ ✓✓

- Advertensies behoort verkope te stimuleer en nie anders om nie.
- Advertensie-uitgawes word slegs op kontantverkope gebaseer. Kredietverkope of 'n % daarvan behoort ingesluit te wees as basis vir advertensies sodat kontant- en kredietverkope kan verhoog.
- Verkope het effens in Okt en Nov verhoog deurdat vakansieverkope begin het en spesiale aanbiedings in Nov (bv 'Black Friday') aangebied is - styging nie noodwendig die resultaat van advertensies.
- Advertensie-uitgawes moet VOOR die verkope spandeer word; begroting moet dus daarvoor voorsiening maak (bv. advertensie-begroting in Julie behoort op Okt se verwagte verkope bereken te word, ens.)
- 'n Verhoging in Advertensiekostes behoort in 'n Verkope-verhoging in die volgende maand of twee getoon te word.

4

**TOTAAL: 35**

**AKTIWITEIT 2**

**2.1** Vreemde inskrywings -1 maks -2

| | KONTANTBEGROTING | | | GEPROJEKTEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Nov. 2019** | **Des. 2019** | **Jan. 2020** | **Nov. 2019** | **Des. 2019** | **Jan. 2020** |
| **Drukker gekoop** | 40 800 ✓ | | | | | |
| **Waarde-vermindering** | | | | | 680 ✓ | 680 ✓ |
| **Advertensies** | | | 48 000 ✓ | | | 4 000 ✓✓ |
| **Lening ontvang** | | 100 000 ✓ | | | | |
| **Lening-terugbetaling** | | | *5 000 ✓ | | | |
| **Rente** | | | *1 000 ✓✓ | | | 1 000 ☑ |

**11**

**2.2**

| **Bereken die % debiteure wat hulle rekeninge vereffen in die 2de maand wat op die transaksiemaand van kredietverkope volg.** | |
|---|---|
| **Bewerkings** | **Antwoord** |
| 67 500 ✓ / 90 000 ✓ of 75 000 / 100 000 of 90 000 / 120 000 x 100 / 1 | Een deel korrek<br>75%☑ |

**3**

| **Bereken die % debiteure wat aan die einde van die 3de maand wat op die transaksie-maand van kredietverkope volg, as oninbaar afgeskryf word.** | |
|---|---|
| **Bewerkings** | **Antwoord** |
| 90 000 – 67 500 – 19 800<br>(2 700 ✓✓ ÷ 90 000 ✓ ) x 100<br><br>**OF:** 100 000 – 75 000 – 22 000<br>(3 000 ÷ 100 000) x 100<br>twee punte een punt<br><br>sien bo 19 800/90 000 of 22 000/100 000<br>**OF:** 100% – 75% – 22% - 97% twee punte<br>Een punt een punt een punt | Een deel korrek<br>3%☑ |

**4**

**2.3.1**

| **Die kantoorwerkers is ongelukkig oor die verhoging wat Thembi hulle op 1 Oktober 2019 gegee het. Verduidelik wat sy aan hulle moet sê. Verskaf TWEE punte. Haal syfers of berekeninge aan.** Slegs een syfer nodig per punt | |
|---|---|
| Deelpunte vir gedeeltelike of onvolledige antwoorde<br>✓✓ ✓✓<br>Enige twee geldige en verskillende punte<br><br>✓ ✓<br>Syfers/Berekeninge | Hulle het 'n (groot) verhoging van 20 % (onbegroot) ontvang (wat meer is as is inflasie) (1 840 / 9 200 = 20%)<br>‘ groot’ hoef nie genome te word as 20% verskaf is nie |
| | Verkoopteikens (onder met R110 000) BW mikpunt (onder met R38 000) nie bereik maar verhoging in lone toegestaan (20%) |
| | Die direkteur het R10 000 verlaging in vergoeding/ verminder van R50 000 tot R40 000/meet 20% |
| | Hulle het opleiding ontvang, koste R40 000 (R25 000 oorbegroting) wat hulle in toekoms sal bevoordeel. |

**6**

**2.3.2**

**Thembi betaal haar seun, Jacob, om deeltyds matte by klante af te lewer en te installeer. Sy begroot R2,80 per meter hiervoor. Lewer kommentaar op die beheer van hierdie uitgawe. Haal syfers of berekeninge aan.**

Kommentaar op swak kontrole / etiek in September ✓ syfer/s ✓
Kommentaar op goeie kontrole in Okober ✓ syfer/s✓

Verwagte antwoorde vir September:
Hy was ooorbetaal n September (al het hy nie teikens behaal nie)
Syfers: R14 000 / R10 640 / R3 360

Verwagte antwoorde vir Oktober:
Hy was korrek betaal (alhoewel dit oorbegroot was agv verbeterde verkope)
Syfers: R 16 800 / R14 000 / R2 800

| ***Bewerkings: September:*** | ***Bewerkings: October:*** |
|---|---|
| Begroot 5 000 x 2,80 =R14 000<br>Werklike behoort 3 800 x 2.80 = R10 640 maar R14 000 spandeer | Begroot = R14 000<br>Werklike behoort : 6 000 x 2.80 = R16 800 te wees |

**4**

**2.3.3**

**'n Nuwe mededinger het op 1 September 2019 in die omgewing begin handel dryf. Verskaf syfers om die impak op verkope in September te illustreer.**

Kommetaar ✓ syfer/s✓

Vergelyk begrote Verkope tot werklike verkope
Verkoopbegroting was R490 000 en die werklik was R380 000 / R110 000 onder die begrote bedrag / 22,4% val van verwagte

OF:vergelyk verwagte meters met werklike meters twee punte
Verkope val van 5 000m$^2$ begroot tot 3 800m$^2$ werklikl / 1 200m$^2$ onder begroot / 24% minder as verwag

**2**

| **Verduidelik die DRIE besluite wat Thembi in Oktober geneem het in reaksie op die nuwe mededinger. Haal syfers of berekeninge aan.** | |
|---|---|
| **Verduideliking (met syfers)** | |
| ✓ ✓ ✓ Enige drie geldige en verskillende besluite ✓ ✓ ✓ Syfers | Moedig krediet verkope R296 000 bo begroting (R326 000) verhoging in werklik)aan met aansporings in teenstelling tot kontantverkope (bv. Korting of verlengde betaaltydperk) |
| | Verminder verkoopprys per m tot R88 per m (van R100) verminder winsopslag van 67% tot 47% |
| | Spandeer R40 000 op opleiding maar slegs R15 000 begroot/ opleiding verhoog tot R40 000 in Oktober (oorbegroot met R25 000. |
| | Verander salarisstruktuur van verkoopman van vaste salaris van R20 000 pm tot 'n kommisie van R52 800/10% van verkope |

**6**

**2.3.4**

| **Bereken die bedrag wat sy <u>werklik</u> in November 2019 aan die krediteure sal moet betaal.** | |
|---|---|
| **Bewerkings** | **Antwoord** |
| 528 000 X 60/88<br>✓ ✓ ✓<br>360 000 x 50% x 95%<br>Okt KvV | een deel korrek<br>R171 000☑ |

**4**

**TOTAAL: 40**

## AKTIWITEIT 3

**3.1**

| **Identifiseer die:** |
|---|
| **Prys betaal per aandeel vir die terugkoop van die aandele in Oktober.**<br>52 000 / 10 000 ✓= R5,20 ✓ |
| **Banksaldo aan die einde van September.**<br>(161 813) **or** 161 813 ongunstig ✓ |

**3**

**3.2**

| **Bereken en lewer kommentaar op die persentasie verhoging wat die werknemers in Oktober sal ontvang?** |
|---|
| 341 850 – 322 500 = 19 350/322 500 ✓= 6% ☑<br><br>**Kommentaar:** ✓✓ **bedrae/syfers** ✓✓<br>Direkteursfooie van R400 000 het tot R600 000 per maand toegeneem, dus toon dit 'n 50% toename. Werknemers kan dus gegrief voel want hul kry slegs 6% verhoging, maar direkteure 50%.<br>**OF**<br>Werknemers kan tevrede wees met die 6% verhoging want dit is beter as die gemiddelde inflasiekoers van 3 - 6%. |

**6**

**3.3**

| A | **Bereken die verwagte kontantverkope vir September 2024.** | |
|---|---|---|
| | **Bewerkings** | **Antwoord** |
| | 805 800 ✓x 70 ✓/ 30✓<br>**of**<br>Totale ankope: Sept: 948 000 x 100/60 ✓= 1 580 000<br>Totale verkope: 1 580 000 x 170 / 100 ✓ = 2 686 000<br>Kontantverkope: 2 686 000 x 70/100 ✓<br>**of**<br>100/30 ✓ x 805 800✓ = 2 686 000 x 70% ✓ | R1 880 200 ☑ |

**4**

| B | **Invordering van debiteure** ***(Wenk: Doen 'n rowwe invoreringskedule)*** | |
|---|---|---|
| | **Kredietverkope** | **Okt** |
| | Augustus kredietverkope: 787 500 ✓ x 28%✓ | 220 500 ☑ |
| | September kredietverkope: 805 800 ✓ x 70% ✓ | 564 060 ☑ |
| | | **784 560** ☑ |

**7**

| C | **Betalings aan krediteure vir Oktober 2024** | |
|---|---|---|
| | **Bewerkings** | **Antwoord** |
| | Sept kontantaankope 948 000 ✓x 40/60 ✓✓x 95/100 ✓<br>**OF**<br>1880 200 x 100/70✓x 100/170✓x 40/100✓x 95/100✓ | **R600 400** ☑ |

**5**

**3.4**

**Die eienaar is nie gelukkig met die huur nie. Hy beplan om die huurooreenkoms te beëindig op 1 Oktober 2024 en die eiendom aan te koop.**

**Hoe sou hy kon betaal vir die eiendom volgens die kontantbegroting?**

| | |
|---|---|
| Verkry 'n lening✓ | R500 000 ✓ |
| Vaste dep verval✓ | R366 000 ✓ |
| Oortrekking✓ | R 44 000 ✓ **OF** (904 515) |

**OF** Kontantbetaling van R910 000

**6**

**Afgesien van die besparing op huuruitgawes, verskaf TWEE voordele vir die aankoop van die eiendom.** ✓ + ✓

- Die gebou sal sy bates en kredietwaardigheid verbeter.
- Geboue waardeer opwaarts in die toekoms en kan verkoop word teen 'n wins.
- Rente op lening is R7 000 per maand i.p.v, R27 000 huur-uitgawe.
- Rente op oortrokke rekening sal R5 400 per maand wees, i.p.v, R27 000 huur-uitgawe.
- Eiendomsbelasting van R1 520 per maand is baie minder as die R27 000 huur-uitgawe
- Verbeur die R3 000 rente op vaste deposito, maar bekom 'n vaste bate van R910 000.
- Kan huur verdien deur dele van die gebou uit te huur.

**2**

**Verskaf TWEE nadele vir die aankoop van die eiendom.** ✓ + ✓

- Rente op lening is dan R7 000 per maand.
- Rente op oortrokke bank sal R5 400 per maand wees.
- Belasting op eiendom sal R1 520 per maand.
- Verbeur die R3 000 rente op vaste deposito.
- Eienaar is verantwoordelik vir die herstelwerk / instandhouding.
- Eienaar is verantwoordelik vir die versekering van die gebou.

**2**

**TOTAAL: 35**

## AKTIWITEIT 4

**4.1** **Dink jy dat die werkers 'n rede het om ongelukkig te wees? Bespreek die stelling deur ten minste 2 bedrae in jou verduideliking aan te haal.**

Ja.✓

***Enige TWEE aspekte*** ✓✓✓ ✓✓✓ **+ syfers** ✓ ✓

- Die werkers het 'n verhoging van 8% (518 400 – 480 000) ontvang terwyl die bestuurder 25% (150 000 – 120 000) ontvang.
- Werkers sal net 'n salaris van R12 960 p.jaar elk (518 400/40 of R1080 per maand) ontvang, terwyl die bestuurder R150 000 p.jr. (R12 500 per maand) sal kry
- Eienaar beplan om R576 000 p.j. (R48 000 p. mnd) as onttrekkings te neem in vergelyking met R12 960 per werker per JAAR.
- Omset sal met 50% verhoog, maar salarisse net met 8%.

***Aanvaars slegs 'NEE" slegs as die aspekte genoem hierdie opinie kan ondersteun.***

**9**

**4.2** **Verduidelik aan Jabu watter gedeeltes van die begrorting na jou mening vir die boekhouer rede tot kommer gee. Bespreek TWEE aspekte. Haal syfers aan.**

***Enige TWEE geldige aspekte*** ✓✓ ✓✓ ***met syfers*** ✓ ✓

- 'n Groot lening (R600 000) met 'n rentekoers van 15% p.j. (R90 000) is uitgeneem
- 'n Lening is nie nodig nie, aangesien die kontantreserwes hoog /goed is (R112 000 tot R791 600)
- Kredietverkope sal na verwagting aansienlik verhoog (R100 000 tot R950 000) - dit kan lei tot kontantvloeiprobleme
- Kontantverkope sal afneem (R100 000 tot R70 000) wat ook kontantvloeiprobleme sal veroorsaak.
- Kontantonttrekkings (soos in die begroting) is baie hoog (R576 000) - kontantvloei sal beslis onder druk kom
- Materiale se koste styg met meer as 50% (60%) (meer as verkope se styging) (R140 000 tot R224 000)

**6**

**4.3** **Gee aan Jabu raad oor wat sy kan doen om die situasie te verbeter. Bespreek TWEE maatreëls.**

***Enige TWEE geldige maatreëls*** ✓✓✓ ✓✓✓

- Verhoog kontantverkope
- Verminder kredietverkope
- Vind goedkoper (plaaslike) verskaffer(s) vir materiale - sonder om kwaliteit in te boet
- Verminder onttrekkings tot 'n billike vlak in lyn met salarisse
- Betaal die lening gouer terug uit die kontantreserwes; dit sal ook rente uitgawes verminder
- Oorsese bestellings / klante behoort 'n deposito te betaal as bestellings geplaas word om te verseker dat transaksies nie gekanselleer te word nie - kontantvloei sal ook verbeter
- Kulturele danse/aktiwiteite kan ook beter bemark word om inkomste daaruit te verhoog
- Werkers se salarisse moet meer markverwant verhoog word en billik wees vir die ure gewerk en aantal items vervaardig.
- Stel aansporingsbonusse in om produktiwiteit te verbeter (bv. bonusse as teikens bereik word, ens.)

**6**

**TOTAAL: 21**

# BTW

## AKTIWITEIT 1

**1.1 Bereken die geweegde gemiddelde waarde per musiekstelsel vir die jaar geëindig 30 April 2024. (rond af tot die naaste rand)**

51 300 ✓ + 273 075 ✓
27 ✓ + 120 ✓

= 324 375
147

= 2206,63 ≈ 2 207 ☑ een deel korrek

**5**

**1.2 Bereken die koste van verkope vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2024.**

27 + 120 – 115
51 300 ✓ + 273 075 ✓ – (32 ✓ x 2 207☑ sien 1.1)

= 253 751 ☑ een deel korrek

**5**

**1.3 Bereken die bruto wins vir die jaar geëindig 30 April 2024.**

290 640
Verkope ( 334 236 ✓ x $^{100}/_{115}$ ✓) – Koste v verkope 253 751 ☑ sien 1.2

= 36 889 ☑ een deel korrek

**4**

**1.4 Bereken die BTW betaalbaar of ontvangbaar vir die periode Maart en April 2024. Dui aan of die BTW ontvangbaar of betaalbaar is op 30 April 2024.**

8 400 ... 11 070
5 800 ✓ + (64 400 ✓ x $^{15}/_{115}$ ✓) – (73 800 ✓ x $^{15}/_{100}$ ✓) – 2 100 ✓

= 1 030 **betaalbaar** ☑ een deel korrek, moet betaalbaar aandui vir finale punt

**Of:** – 5 800 – 8 400 + 11 070 + 2 100 = – 1 030

**OF**

| **BTW-kontrole** | | | |
|---|---|---|---|
| Inset BTW | 11 070 | Saldo | 5 800 |
| Inset BTW | 2 100 | Uitset BTW | 8 400 |
| Saldo | 1 030 | | |
| | 14 200 | | 14 200 |
| | | Saldo | 1 030 |

**7**

**TOTAAL: 21**

## AKTIWITEIT 2: BTW

**2.1** **Bereken die bedrag BTW ontvangbaar van OF betaalbaar aan die SAID op 30 Junie 2024. Dui aan of die bedrag ontvangbaar of betaalbaar is.**

33 600 ✓ – 315 000 ✓✓ + 243 750 ✓✓ – 1 200✓ + 900 ✓
= – 37 950 ✓☑ een deel korrek

**OF** – 33 600 + 315 000 - 243 750 + 1 200 – 900 = 37 950

| BTW KONTROLE | |
|---|---|
| 33 600 | 315 000 |
| 243 750 | 1 200 |
| 900 | |
| **37 950** | |

**Ontvangbaar / Betaalbaar:** Betaalbaar ✓ (moet betaalbaar wees vir 1 punt)

**10**

**2.2** **Die eienaar wil die BTW bedrag op oninbare skulde verander van R900 tot R6 000. Gee EEN rede waarom jy nie met hom saamstem nie.**

Moontlike antwoorde vir twee punte: ✓✓

- Dit is oneties om foutiewe inligting aan die SAID te stuur ten einde die bedrag wat betaalbaar is, te verminder / bedrag ontvangbaar te vermeerder.
- Dit is onwettig / bedrieglik om vervalsde inligting aan die SAID te verskaf aangesien dit tot boetes of tronkstraf sal lei

Moontlike antwoorde vir een punt:
Oneties / Onwettig / Bedrog

**2**

**TOTAAL: 21**

## AKTWITEIT 3

**3.1** **Neem die foute en weglatings in ag en bereken die BTW-bedrag wat die besigheid moet betaal of ontvang. Dui aan of die bedrag ontvangbaar of betaalbaar is.**

7 665✓ + 35 250✓ + 480✓ + 870✓ - 21 000✓ - 270✓✓ - 750✓ - 915✓

**= R21 330**☑

***Aanvaar alternatiewe berekeninge***

**Ontvangbaar / Betaalbaar:** Betaalbaar

**12**

**3.2** **Watter raad sal jy aan Nkosi gee oor hierdie praktyk?. Verskaf TWEE punte.**

***Enige TWEE geldige punte:*** ✓✓ ✓✓

- Nkosi Winkels is 'n agent van SAID (BTW word ten gunste van SAID ingevorder)
- BTW-invorderings behoort nie aan die onderneming nie en kan nie as kontantreserwes/ bedryfsinkomste / kontantontvangste beskou word nie
- Onetiese besigheidspraktyk
- SAID verpligtinge moet apart gehou word en onmiddellik aandag geniet / SAID-bedrae moet akkuraat en apart aangeteken word
- Kan boetes tot gevolg hê indien dit deur 'n SAID-oudit ontdek word / Besigheid kan deur SAID gesluit word indien hul ouditeure ongerymdhede vind.

**4**

**TOTAAL: 16**